# Die begrip “rentmeesterskap” in die gemeentebouproses

**J F van der Merwe & C J A Vos**[1]

**Departement Praktiese Teologie**

**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

## The concept of stewardship in the process of extending the local church

***This study looks at the biblical principal of stewardship in the context of building up the local church. The study starts with the methodological principels of Practical Theology and various models of the process of building op the local church. Traditionall,y stewardship was regarded as the principle that encouraged Christians to give monetary contributions towards extending the local church. The study makes it clear that a much broader and biblical understanding of stewardship is necessary. It looks at the different dimensions of stewardship and the effect the stewardship principle has on the Christian’s use of resources, time, spiritual gifts, possessions, as well as on creation, life and the Gospel of Jesus Christ.***

## 1. INLEIDING

### 1.1 Aktualiteit van die tema

Gemeentebou is oor die afgelope dekade of twee een van die dissiplines binne die Praktiese Teologie wat intens bestudeer word (vgl Hendriks 1992:5, 15; Burger 1999).

[1] Finansiële bystand van die Nasionale Navorsing Stigting (NRF) word hiermee erken. Opinies wat in hierdie navorsing uitgespreek word en gevolgtrekkings waartoe gekom word, is dié van die outeur en nie noodwendig dié van die NRF nie. Die artikel is die eerste deel van die verwerking van J F van der Merwe se MA Teologie-skripsie. Hierdie skripsie is voorberei onder die leiding van prof dr C J A Vos as gedeeltelike afhandeling van die vereistes vir die graad MTh in Praktiese Teologie.

Kursusse wat in Gemeentebou aangebied word, wek groot belangstelling en word goed bygewoon. Een van die redes vir die belangstelling is sekerlik dat die Kerk van Christus reg oor die wêreld al meer sy rol en funksie in die wêreld verstaan. Tog is die praktiese probleme wat gemeentes en kerke beleef 'n besliste bydraende faktor in die soektog van predikante en gemeentes na antwoorde op die bedieningsprobleme wat in gemeentes beleef word (Heitink 1999b:66). Vir antwoorde op baie van die bedieningsprobleme word daar na Gemeentebou gekyk. Bischoff (1991:1) stel dit dat die eise van God se Woord asook die situasie in die praktyk die proses van gemeentebou noodsaaklik maak.

Die begrip rentmeesterskap is egter 'n relatief onderbenutte begrip in die beoefening van die teologie in Suid-Afrika. Waar die begrip wel nog gebruik word, word dit in 'n verengde sin slegs vir finansies gebruik. Rentmeesterskap loop egter wyer as slegs finansies en die konsep word van krag en aktualiteit beroof wanneer dit bloot op materiële vlak as belangrik beskou word. Die begrip rentmeesterskap is egter belangrik vir die kerk se verstaan van sy eie identiteit en juis daarom is dit belangrik vir die gemeentebou-proses wat in wese die realisering van die identiteit van die gemeente is. Dit is eers as rentmeesterskap volgens sy volle omvang verstaan word dat die verband met Gemeentebou duidelik word en die begrip sy regmatige invloed op die gemeente-bouproses kan uitoefen.

## 1.2 Metodologiese vertrekpunte

In Gemeentebou, soos in die res van die Praktiese Teologie, word met die bipolêre beskouing van teorie en praxis gewerk (Heitink 1993:148; Pieterse 1993:173-174). Beide die teorie en die praxis is pole van 'n elips waarbinne die Praktiese Teologie bedryf word. Hieronder moet egter nie verstaan word dat die empiriese op dieselfde vlak as die Bybel vir die Praktiese Teologie normatief is nie (Bischoff 1991:7; Dingemans 1996:70-71). Die Skrif bly die primêre gesagsbron. Uit die teorie en die praxis word daar 'n praktyk-teorie gevorm (Pieterse 1993:176). Die praktykteorie word egter bepaal deur 'n basis-teorie waar die Bybel veral normatief is. Die praktykteorie is die toespitsing van die basisteorie op die spesifieke situasie. Van die probleme wat daar in die verlede in Gemeentebou na vore gekom het, was juis omdat basisteorieë en praktykteorieë nie geformuleer is nie (Beukes 1995:807).

Saam met Heitink (1999a:136) en praktiese teoloë soos Firet (1982), Dingemans (1996) en J. Hendriks (1992) gaan die studie uit van die metodologiese vertrekpunte van die hermeneuties-mediërende benadering in die Praktiese Teologie.

> The hermeneutical-mediating approach connects a hermeneutical orientation in practical theology with the aim of mediation. J Firet introduced this approach in the sixties, stressing that the heart of pastoral and ecclesiastical practise is not the activity of the human being, but that of God who, by means of the official ministry as his intermediary, comes to people is his word. Official and ecclesiastical patterns of action must be examined from the point of effectiveness end legitimacy. The aim of this examination is to improve human action in the service of the gospel of the Kingdom of God. "Practical theologians combine quantitative and qualitative methods of research, but they prefer qualitative methods."
>
> (Heitink 1999a:137)

Die wisselwerking tussen die teorie en praktyk is ook vir prakties-teologiese veld van Gemeentebou van groot belang, omdat daar in Gemeentebou met 'n gemeentebeskouing gewerk word. Die gemeente is tegelyk Woordbepaald en 'n empiriese gegewene (Bischoff 1991:7). Nel (1994) verwoord dieselfde saak deur van die gemeente as 'n gedefinieerde subjek en empiriese subjek te praat.

## 2. DIE PROSES VAN GEMEENTEBOU

### 2.1 Teologiese perspektiewe op Gemeentebou

Nel (1994:2-9) toon die Bybelse gebruik van die boubeeld as begronding vir die proses van Gemeentebou aan. In die Ou Testament is dit duidelik dat God die subjek van die bouwerk is. Beukes (1995:807) beskryf die boumotief in die konteks van die verbond. Dit lê die klem op God as die subjek van die bouwerk. Veral die gebruik van die bou-beeld rondom die opbou van vernietigde stede maak dit duidelik dat dit God is wat opbou. Dit is Hy wat dit beloof en dit is Hy wat dit self doen – selfs as die bouwerk deur

mense uitgevoer word. Verder verwys die begrip in die Ou Testament "na daardie aktiwiteit waardeur die wêreld volgens die wil van God herstel of herskep word" (Nel 1994:4).

Ook in die Nuwe Testamentiese gebruik van bou, *oikodomein,* is dieselfde gedagtes te vind. God is die Een wat bou en Hy hou dit wat gebou is in stand. Paulus verwys weer na die begrip dat die gemeente homself moet opbou. Tog is die gemeente self die bouwerk, die huis, die gebou, die tempel van God (Bischoff 1991:40; Beukes 1995:807). God is steeds die subjek van die bouwerk, maar Hy gebruik mense se dienswerk in die bouproses. "God bou deur mense – diegene wat in 'n besondere diens staan en deur diegene wat nie in die gemeente in 'n besondere diens staan nie" (Nel 1994:5). God gee juis aan mense gawes waarmee die gemeente opgebou moet word. Die mense moet opgelei en begelei word om hierdie gawes in hulle dienswerk tot opbou van die gemeente te gebruik (vgl Ef 4). "Tot die inhoud van hierdie bouwerk behoort alles wat die Vader, Seun en Gees – deur die diens van mense – doen om sy gemeente te help groei in effektiewe funksionering ten einde aan die doel van God met die spesifieke gemeente te beantwoord" (Nel 1994:6).

### 2.1.1 Definisie van Gemeentebou

Te Velde (1989:6) beskryf Gemeentebou as 'n proses wat by sommige plaasvind as 'n forum vanwaar oorlewingstrategieë vir die kerk in die kerk lanseer word. In ons verstaan van wat Gemeentebou behels, moet 'n definisie gebruik word wat die begrip meer omvattend en begrond gebruik.

Die definisie van gemeentebou soos geformuleer in Nel (1994:14) word vir die studie as werksdefinisie aanvaar:

> Gemeentebou is die bediening waarbinne die gemeente opgelei en begelei word om:
>
> - sy eie wese en bestaansdoel te verstaan;
> - self, as gemotiveerde gemeente, sy eie funksionering te evalueer, doelwitte vir sy doelgerigte funksievervulling te formuleer en op beplande wyse te bereik;

- self, soos nodig, op 'n voortgaande basis strukture, wat die heilshandelinge van die Drie-enige God in die kerk en wêreld dien, vir die gemeentelike funksionering te ontwikkel.

Uit die definisie en uit die Skrifgegewens beskryf Nel (1994:7-8) 'n drieledige doel van Gemeentebou. As oorkoepelende doel is die soeke na die eer van God. Dit val uiteen in:

- die bekendwording van God waardeur God verheerlik word;
- om die gemeente as dissispelgemeente tot getroue dissipelskap te begelei;
- en om diegene wat nog nie aan God behoort nie by te bou deur die lewe en geloof van die gemeente.

Ter sake is die uitgangspunt dat die kerk nie ter wille van die kerk bestaan nie, maar ter wille van God se doel met die kerk. Een van die aspekte van die identiteit van die gemeente is dan dat die kerk rentmeester van God is. As een van doelwitte van gemeentebou is dat die gemeente sy funksie en doel verstaan en uiteindelik ook doelgerig werk na funksievervulling toe, dan is die begeleiding van die gemeente (as individue en korporatief) om hulself as rentmeesters te sien en doelgerig te werk na die uitleef daarvan vir gemeentebou belangrik.

### 2.1.2. Gemeentebou, Kubernetiek en Oikodomiek

Reeds in 1850 word Gemeentebou as deel van die Kubernetiek beskou deur Schleiermacher (Bischoff 1991:47). Harnack volg die gebruik na, maar gebruik veral die term vir die praktiese toepassing van die Kerkreg. Kuyper doen dieselfde met spesifieke toepassing op die uitoefening van die tug. Later kry die term Kubernetiek die betekenis van die praktiese inkleding van die ampte. Firet gebruik weer eerder die begrip oikodomiek met die betekenis van die teologiese teorie vir die op gang bring en die begelei van prosesse wat gerig is op die funksionering van die gemeente. Gemeentebou is egter meer as die kerkreg, poimeniek, evangelistiek, gemeentebeplanning en –administrasie (Bischoff 1991:47). Gemeentebou wil eerder deur die "*agologie als wetenschap der verandering*" (Dingemans 1990:143) 'n klemverskuiwing laat plaasvind

vanaf die pastor na die geloofsgemeenskap en die funksionering van die gemeente in die samelewing. Dit sluit aan by die gedagtes van Nel (1986:52) wat lui dat Gemeentebou nie bloot die somtotaal is van al die bedieninge van die gemeente nie. Die gemeente moet begelei word om deel te hê aan sy eie opbou. In die vak Gemeentebou vind teologiese besinning plaas oor hoe gemeentestrukture, werksvorme en prosesse optimaal diensbaar gemaak kan word aan die interne en eksterne funksionering van die kerk, tot eer van God, tot opbou van die gemeente en tot diens aan die wêreld (Beukes 1995:809).

### 2.1.3. Gemeentebou en ekklesiologie

Dit wat in die proses van Gemeentebou gedoen word, word bewustelik of onbewustelik bepaal deur die ekklesiologie wat ten grondslag van die proses lê. "'n Bepaalde gemeente se beskouing van kerkwees, bepaal grootliks hoe die gemeente se gemeentebouproses gaan lyk" (Beukes 1995:809). Daar is egter 'n verskil tussen die ekklesiologie soos dit in die Dogmatiek bedryf word en soos dit in die Praktiese Teologie bedryf word. In die Dogmatiek word daar na die oorsprong en die eienskappe van die kerk gevra. In die Praktiese Teologie word daar egter gevra na die ontmoetingsgebeure van God se koms na die mens in sy Woord, deur die diens van mense (Pieterse 1993:5).

In Suid-Afrika het veral Malan Nel (1994), Jurgens Hendriks (1992) en Jan Bischoff (1991) 'n leidende rol gespeel in die fundering en uitbouing van Gemeentebou. Al drie die teoloë werk met 'n sterk teologiese basis en ekklesiologie, binne Reformatoriese raamwerk (Beukes 1995:811). Bischoff (1991:63-94) het 'n paar stellings oor die gemeente geformuleer (sy gemeente-beskouing) as 'n uitvloeisel van die ekklesiologie wat agter Gemeentebou lê:

- Die gemeente (kerk) bestaan om God te eer en te aanbid. Dis alleen moontlik as elke lidmaat in die geloof opgebou word en elkeen deelneem aan die uitbou.
- Die volgende vertrekpunte sal die doel van die gemeente duideliker omskryf:

- Christus is die Hoof van die gemeente. Die gemeente probeer daarom om Hom met afhanklikheid, gehoorsaamheid, liefde, geloof, lojaliteit en vreugde na te volg.
- Die Woord is die grondslag vir die lewe as gemeente van Christus. Daarom is studie en gehoorsaamheid noodsaaklik vir die gemeente wat deur die Heilige Gees gelei wil word.
- Die Heilige Gees maak mense God se kinders, Hy gee die versekering van kindskap en Hy stel ons instaat om die Here te dien.
- Die wese en funksie van die Kerk word deur God in sy Woord bepaal. Die wese van die kerk as gemeenskap van gelowiges en die funksie van die kerk, 'n aanbiddings- en dienende gemeenskap moet uitgeleef word. Bischoff (1991:94) beskryf een van die maniere hoe bogenoemde vertrekpunte prakties uitgeleef moet word as dat die gemeente getroue rentmeesters moet wees. Dit is volgens hom deel van die dankbaarheid teenoor die Here en is deel van die gemeente se getuienis in die wêreld. Dit sluit volgens Bischoff in: finansies, beplanning, administrasie, sinvolle vergaderings en die aanwending van fondse.

### 2.2 Verskillende gemeenteboumodelle

Beukes (1995) het die volgende modelle wat in Gemeentebou gebruik word geëvalueer:

#### 2.2.1 Gemeentebou as 'n geloofsopbouproses

In 1987 skryf Dreyer 'n artikel wat sekere modelle in Gemeentebou evalueer. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die individu by die verskillende modelle onderbeklemtoon word en ontwerp dan 'n geloofsboukursus wat as basis dien vir sy gemeentebouproses.

#### 2.2.2 Callahan se Twaalf Sleutels as meting van funksionering van die gemeente

Callahan (1987) daarteenoor lê weer die klem op die korporatiewe, missionêre aspek in die gemeente. Hy identifiseer na konsultering in meer as 'n duisend gemeentes twaalf eienskappe (sleutels) wat in effektiewe kerke na vore kom. Callahan stel dit op die buite-omslag van die boek dat die doel agter die boek is om gemeentes te help om meer effektief te wees in die missionêre. Die manier om die doelwit te bereik, is deur langtermyn strategiese beplanning volgens die twaalf sleutels. Callahan (1987:xi) beskou

sodanige beplanning as diagnosties in fokus, strategies in besluitneming en essensieël hoopvol. Vir die diagnoseproses in 'n gemeente bied Callahan die twaalf sleutels waar-aan 'n gemeene sy eie funksionering kan meet. Die term strategies beteken dat die gemeente sy fundamentele sterkpunte moet vind en dit dan uitbou terwyl nuwe sterkpunte bygevoeg kan word. Verder is sy bedoeling met die term essensieël hoopvol dat Gemeentebou op die Godgegewe gawe bou dat die beste van die gemeente in die toekoms lê.

Hoewel Callahan se twaalf sleutels uiters bruikbaar is vir 'n gemeente om sy funksionering te meet, moet die vraag gevra word of die twaalf sleutels wat uit empiriese navorsing in die VSA saamgestel is, net so op die omstandighede in Suid-Afrika van toepassing gemaak kan word. Dit kan wees dat die oorgrote meerderheid van die twaalf sleutels ook in Suid-Afrika bepalende faktore is, maar enkele van die mees bepalende faktore kan dalk in die verskillende omstandighede verskil. Beukes (1995:813) se kritiek teen Callahan is dat alhoewel hy deeglike teologiese begronding vir sy praktykteorië het, hy dit laat vaar as hy die gemeentelike beplanningsmodel doen en konsentreer op die empiries-effektiewe en nie op die teologies-prinsipiële nie. Tog is dit nie die bedoeling van Callahan dat die diagnose van 'n gemeente bloot op empiriese waarneming lê nie, maar ook op die meting van dit wat God se bedoeling met die kerk is. Die aspek kom egter nie baie duidelik na vore in sy diagnostiese model nie. In Nel se gebruik van Callahan word die aspek egter in die proses ingebou.

Veral ter sake in hierdie studie is dat Callahan as een van sy twaalf sleutels finansies en goeie rentmeesterskap van die fondse erken. Alhoewel dit 'n verengde verstaan van die begrip rentmeesterskap verteenwoordig, en dieselfde beginsels wat hy op finansies toepas ook van heelwat ander sake van toepassing is, is dit belangrik om te let dat Callahan hierdeur die gemeente as rentmeester erken. Terselfdertyd is dit een van die sleutels tot 'n effektiewe gemeente dat die gemeente sy rentmeesterskap sal aanvaar.

### 2.2.3 Gemeentebou as ekklesiologiese beplanningsproses

Jurgens Hendriks (1992:11-36) se vertrekpunt is die ekklesiologie. Hy evalueer die gemeente aan die hand van teologies-prinsipiële kriteria. Die positiewe aspekte wat na vore kom uit die instituutmodel, die verkondigingsmodel, die liggaamsmodel en die

transformasiemodel word uitgelig en uitgebou tot ’n basis- en praktykteorie. Hy kies uiteindelik vir ’n ekklesiologiese model wat hy aanvullende koinonia-verbande noem (Hendriks 1992:85). In sy model word aandag gegee aan die individu, die gesin, klein-groepe, groot groepe, die erediens en ’n missionêre gerigtheid. In die proses van gemeentelike beplanning het Hendriks die strategiese beplanningsproses soos dit in die sekulêre wêreld na vore kom goed geïnkorporeer (Beukes 1995:814).

### 2.2.4 Gemeentebou as proses van identiteitsvinding en -realisering

Malan Nel (1994) sien gemeentebou ook, soos Hendriks, as ’n teologies-wetenskaplike aktiwiteit. Daar is sterk teologiese uitgangspunte wat die basis vorm vir sy basisteorie en praktykteorie (Beukes 1995:815). Vir Nel lê die klem by die gemeente se vernuwing om te word wat hulle reeds in Christus is: om die empiriese subjek deur middel van ’n beplanningsproses nader te laat groei aan die gedefinieerde subjek soos dit in die Bybel na vore kom. Die hoofkomponente van sy beplanningsproses is analise, beplanning, organisering, leiding en kontrole. Beukes (1995:816) evalueer een van die sterk punte van Nel as die klem wat hy plaas op die skryf van realistiese, haalbare doelwitte, goed-deurdagte strategië, goeie leiding en deurlopende kontrole.

## 3. DIE KONSEP RENTMEESTERSKAP AS BYBELSE BEGINSEL

Oor die afgelope paar jaar is die konsep van rentmeesterskap wyd deur die moderne samelewing gebruik. Omgewingsbewustes en humanitêre vredesmarse het die radikale potensiaal van die kragtige Bybelse beeld verstaan en begin gebruik. In die verband haal Hall (1991:10) vir Skolimowski, ’n eko-filosoof aan wat die komende tyd vir die wêreld sien as ’n tyd van “stewardship”. Sy verstaan van rentmeesterskap word duidelik in: “(W)e are here not to govern and exploit, but to maintain and creatively transform…” In die kerk was die kragtige Bybelse simbool egter grootliks onbenut en deur die “ecclesiastical wrappings” gesmoor (Hall 1991:omslag). Een van die groot redes hiervoor was die ongemak in die kerk die oor term as gevolg van die verengde gebruik wat oor die verloop van jare in die kerk gevestig geraak het.

### 3.1 'n Verengde verstaan van rentmeesterskap

Die duitse teoloog, Hanns Lilje, word aangehaal in Hall (1991:1) om sy persepsie weer te gee dat rentmeesterskap baie meer na vore gekom het in die Amerikas as in Europa:

> To know that with all that we are and all that we have, we are God's stewards is the answer to a particularly deep yearning of the time in which we live, namely, the yearning for a vita nova, a complete renewal of our life. Here the insight of our American brethren in the faith have, in the perspective of church history, something like the same significance as the lessons which the German Lutheran Reformation has taught us about justification by grace, or the Community of Brethren of the unity of Gods children.

Hall bevraagteken egter die persepsie van Lilje dat die Amerikaners werklik die begrip rentmeesterskap se volle omvang verstaan en uitleef. Hy antwoord op die persepsie, sonder om daardeur enige positiewe aspekte van die huidige Amerikaanse verstaan van rentmeesterskap te ontken, soos volg:

> It is true that sterwardship has been retained in our New World Christianity; but it is equally true that it has been retained in a form that scarcely lends itself to the larger meaning and usage we need today. What we have by way of stewardship in our churches is in fact a drastically reduced version of the biblical concept.
>
> (Hall 1991:12)

Dieselfde denke word gehuldig deur Cunningham (1987:15). Die konsep rentmeesterskap word hoofsaaklik in die konteks van finansies en fondsinsameling geplaas. Vir baie mense dra die woord die konnotasie van kasregisters, promosies, programmering en selektiewe besteding. "The irony is that stewardship is a common word in the vocabulary of American churches, but a word subject to superficial definition, trivilization, and misunderstanding" (Cunningham 1987:15). Vir baie kerkmense kan dit selfs 'n skok wees dat die term rentmeesterskap een van die belangrikste en mees omvattende begrippe is in die christelike woordeskat – as dit Bybels en teologies gedefinieer word. Cunning-

ham (1987:16) beskryf selfs die skopus van die woord as kosmies, aangesien dit alle lewe insluit. Die postmoderne mens, wat ook binne die kerk is, aanvaar nie langer sondermeer dat hulle moet of veronderstel is om van hulle tyd, talente en besittings vir die kerk te gee nie. Dit is tyd, sê Hall (1991:16) dat rentmeesterskap sy weg moet vind na die hart van geloof, as 'n essensiële uitvloeisel van ons geloof.

### 3.2 Bybelse fundering van die konsep

In die Ou Testament en Nuwe testament is daar 'n totaal van 26 direkte verwysings na 'n rentmeester of rentmeesterskap. Die vernaamste hebreeuse term wat gebruik word is *ashurbeth*, terwyl die Nuwe Testamentiese term veral *oikonomia* is. Beide die terme gee iets weer van 'n bestuurder van 'n huis/huishouding.

#### 3.2.1 Die rentmeester in die Ou Testament

Die gebruik van die term in die Ou Testament is deurlopend letterlik en tegnies in soverre as wat dit 'n amp in die samelewing beskryf. Maar dit is juis op die Ou Testamentiese karakterisering van die rentmeester wat die meer simboliese gebruik in die Nuwe Testament bou (Hall 1991:32). Die rentmeester in die Ou Testament is 'n dienskneg, maar nie 'n blote slaaf nie. So 'n persoon het meer die rol van voorman gehad: een wat besluite moes neem, bevele moes gee en beheer moes neem. Dit was 'n amp wat 'n vertrouensverhouding geimpliseer het. Die rentmeester het die verantwoordelikheid gehad van die bestuur van iets wat aan iemand anders behoort (De Vaux 1991:129-134).

In die tekste van die Ou Testament is die persoon gewoonlik 'n bestuurder vir 'n vors of koning. In Genesis 43-44 word die persoon wat Josef se huishouding omsien beskryf en as Josef se broers die persoon aanspreek word dit duidelik dat hy iemand was wat 'n hoë gesag gedra het. Hy was die volle verteenwoordiger van die onderkoning in daardie situasie. In 1 Kronieke 27 en 28 word die rentmeesters beskryf as hulle wat verantwoordelik was vir die bestuur van die eiendom van Dawid se koninkryk. In Daniël 1:11, 16 is die rentmeester die een wat die jong koninklike gevangenes moes versorg. Hy was die een wat die reg gehad het om besluite oor hulle te neem. Jesaja 22:15-21 skets egter 'n minder adelike prentjie van die rentmeester. Hier is dit duidelik dat die rentmeester steeds in diens van iemand anders is en dat hy nie onvervangbaar en bo straf

verhewe is nie. In die teks is daar reeds 'n verbreding van die term, aangesien dit duidelik word dat ook die heerser oor God se volk 'n "bestuurder" is wat verantwoording moet doen aan Yahweh (Watts 1985). Eienskappe wat belangrik is vir 'n goeie rentmeester kom ook hier na vore: nederigheid en besorgdheid oor die wat hy aangestel was.

Uit die tekste is dit duidelik dat daar 'n noue verband tussen meester en rentmeester bestaan het, maar dat die rentmeester duidelik nie die meester self is nie en verantwoording moet doen aan die eienaar. As die rentmeester nie verantwoordelik omgegaan het volgens die eienaar se wense en karakter nie, sal hy as rentmeester vervang word en gestraf word.

### 3.2.2 *Oikonomia* in die tekste van die Nuwe Testament

Ook die term *oikonomos* verwys na iemand wat vertrou is met die verantwoordelikhede van die bestuur van 'n huishouding wat nie aan hom behoort het nie. Die woord het die betekenis van 'n trustee waaraan iets of iemand toevertrou is (Cunningham 1987:17). Alhoewel die woord relatief min na vore kom is die inhoud van gedagte iets wat by 'n hele aantal tekste uit die leringe van Jesus na vore kom (Luk 12:42-48; Luk 16:1-18 en 19-31; Luk 12:16-21; Mark 12:1-12; Matt 21:33-46; Luk 20:9-19; Luk 17:7-10; Matt 20:1-16; Matt 21:28-31; Matt 25:14-30 en Luk 19:11-28). Die term kom ook in 'n letterlike gebruik voor in Rom 16:23 en Gal 4:1, 2 (Tooley 1966:75).

In die Christelike geskrifte is daar 'n ontwikkeling waar die konsep van die rentmeester op baie plekke 'n teologiese en metaforiese betekenis aanneem. So byvoorbeeld in Lukas 12:42-48 word rentmeesterskap en waaksaamheid beide as eienskappe van die dissipels van Jesus beskryf. Die dissipels, gedurende die opgestane Here se afwesigheid, ontvang die verantwoordelikheid vir die huishouding van Christus. In die huishouding is hulle verantwoordelik vir die wat in die huis bly; hulle moet sorg dat hulle gevoed en beskerm is. Terselfdertyd word die dissipels gewaarsku om nie hulle plek te vergeet en begin dink dat hulle die eienaars is nie. Net soos in Jesaja 22 sal sulke swak bestuurders gestraf word. Die perikoop sluit af met die woorde: "Aan elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word; en van hom aan wie baie toevertrou is, sal meer gevra word". Hall (1991:36) interpreteer die vers in die lig van verkiesing/uitverkiesing. Hulle

wat gekies is uit baie, is nie bloot ontvangers nie, hulle is die bestuurders namens God op aarde. Dit wat hulle ontvang het, is nie bloot vir hulle bedoel nie, maar vir 'n baie wyer groep mense.

Die ander gelykenis waar Jesus spesifiek rentmeestertaal gebruik, is die gelykenis van die oneerlike bestuurder in Lukas 16:1-13. Daar is 'n hele paar verklaringsmoontlikhede vir die moeilike gelykenis. Cunningham (1987:18) en Hall (1991:39) haal 'n hele aantal eksegete aan wat die gelykenis verklaar met die bedoeling om nie die middele wat tot beskikking is onverantwoordelik en volgens ander waardes as die van die eienaar te gebruik nie. Volgens die verklarings is die grondboodskap dus baie naby aan dit wat in Lukas 12:42-48 na vore kom.

Paulus, in 1 Korintiërs 4:1-2, pas die beginsel van rentmeesterskap op homself en op die kerk as geheel toe. "We have here the most pregnant use of the metaphor in the New Testament and one which throws light on Paul's understanding of leadership in the church" (Tooley 1966:75-76). Die gemeente word gewaarsku om nie soos die wêreld deel te neem aan partyskappe wat mense verdeel nie. Christene moet juis besef dat hulle Christus se eiendom is en dat hulle mekaar se belange op die hart moet dra. Dit is dieselfde gedagte van vir-mekaar-verantwoordelik-wees wat in rentmeesterskap geleë is. Ons moet juis na onsself kyk as diensknegte van Christus en rentmeesters (bestuurders) van die geheimenisse van God. Dit wat hier die verantwoordelikheid van die rentmeester is, is nie 'n materiële besitting nie, maar die Evangelie, wat bedoel is vir die "whole family of humanity" (Hall 1991:37). Ook in Efesiërs 3:1, 2 word dit wat deur die rentmeester bestuur word, nie 'n materiële besitting nie, maar is dit die genade van God wat Paulus ontvang het om aan ander te deel.

Soos in die Ou Testament kom ook hier die dialektiek na vore dat die rentmeesters 'n baie belangrike rol vervul, maar nooit uit die oog moet verloor dat hulle diensknegte van God is nie.

Daar kom ook 'n eskatologiese dimensie na vore in 1 Petrus 4:7-11. Die metafoor verwys hier na die gebruik dat die rentmeester verantwoordelik was vir die uitdeel van rantsoene onder die lede van die huishouding (Tooley 1966:79). Hier lig die skrywer die belangrikheid uit om in die lig van die eskatologiese verwagting, mekaar met genade-

gawes te dien. Ook van die gawes wat die gelowige uit die hand van God ontvang het, is hy/sy rentmeester.

Volgens Hall (1991:41-51) kan daar verskillende dimensies onderskei word in die Bybelse gegewens oor die konsep van rentmeesterskap:

***i. Die Teologiese dimensie***

In 'n ontwikkeling vanaf die blote gebruik van die term rentmeester vir iemand wat 'n ander mens se eiendom en belange bestuur, word die ander wie se belange bestuur word God. Dis nie meer 'n aardse koning wat 'n bestuurder aanstel nie, maar dis God wat mense aanstel en aan wie verantwoording gedoen moet word. Wat hieruit voortvloei is die teologiese gedagte dat eienaarskap, gesag en soewe-einiteit alleen aan God toegeskryf kan word. Dis in volle ooreenstemming met die monoteistïese gedagte dat daar net een ware God is en dat alle gesag alleen aan Hom behoort. Die aarde en die volheid daarvan behoort aan die Here. Die oomblik as die teologiese dimensie aanvaar word, word die eienaarskap en gesag wat mense pretendeer om te hê bevraagteken (Hall 1991:42).

***ii. Die Christologiese dimensie***

Hall (1991:43) beskou die Nuwe Testament se teologie van rentmeesterskap in die eerste plek as 'n Christologie. Die Nuwe Testament teken Jesus nie in die rol van die eienaar nie, maar as die outentieke rentmeester, die primêre model vir die rentmeester. Jesus definieer en gee nuwe inhoud aan rentmeesterskap. Omdat Hy 'n getroue en regverdige rentmeester is, anders as die bestuurder in Lukas 16, gaan dit nie vir Hom oor Homself nie. Hy is gehoorsaam aan die Een wie se belange Hy hanteer. Alhoewel daar baie in die geskiedenis van die teologie aan Jesus gedink is as die vervuller van die ampte van Koning, Priester en Profeet, is daar egter baie min gedink aan Jesus as Rentmeester.

Daar kan egter nie bloot aan Jesus gedink word in terme van 'n model vir rentmeesterskap nie. Die mees basiese begronding vir ons rentmeesterskap is nie die blote nabootsing van die Jesus nie, maar is eerder die genade van God. Deur die genade van God is ons "in Christus" en word ons deel gegee aan die rent-

meesterskap wat Christus begin het. Die christologiese basis vir rentmeesterskap is nie bloot die voorbeeld van Jesus nie, maar eerder "*it is the prior stewardship of Jesus into which, through the Spirit and through faith we are initiated"* (Hall 1991:44). So 'n uitgangspunt is iets heeltemal anders as om bloot te sê dat Christene goeie rentmeesters behoort te wees. Laasgenoemde sou rentmeesterskap bloot in die kader van die wettiese plaas. Die evangelie wat agter rentmeesterskap lê, begin om dit wat ons in onsself verhoed om rentmeesters te wees te oorkom: die trots van onsself sien as eienaars, ons eie onverantwoordelik-heid en apatie.

***iii. Die Ekklesiologiese dimensie***

Die kerk is 'n gemeenskap van rentmeesters. As diensknegte van Jesus word hulle ingetrek by sy werk as rentmeester. Hulle is rentmeesters van die geheimeisse van God deur hulle getuienis van die gekruisigde Christus. Hieruit is dit duidelik dat die kerk nie 'n doel opsigself is nie. Dis 'n gemeenskap wat bestaan vir 'n doel wat baie groter as hyself is: om die God van genade te dien, om deel te neem aan die uitbreiding van die genade oor die hele wêreld, om 'n voorbode te wees van die Ryk van God. Die konsep van rentmeesterskap staan verder reg teenoor die soeke na mag in en deur die kerk. Die rentmeester bestaan nie alleen om die belange van sy meester te dien nie, maar ook om die te dien wie se belange die meester op die hart dra. Lukas 12 maak dit duidelik dat eie ambisie 'n persoon diskwalifiseer om 'n getroue dienskneg en rentmeester te wees.

***iv. Die Antropologiese dimensie***

Alhoewel die Nuwe Testament geen twyfel laat dat Christene rentmeesters is nie, word die konsep nie verder ontwikkel en toegepas op die mensdom as geheel nie. Tog is Hall (1991:47) van mening dat as daar oor Christene gepraat word, dit ook die bedoeling van die outeurs is om iets oor God se bedoeling met die ganse mensdom te sê. Al word daar nie eksplisiet baie van die antropologiese dimensie gemaak nie, impliseer die Nuwe Testament deur die gelowiges as die nuwe mensdom te teken dat rentmeesterskap 'n universele menslike roeping is. "*God*

*intends that …Homo sapiens should live as God's steward within the creaturely sphere"* (Hall 1991:47).

### *v. Die Eskatologiese dimensie*

Binne die metafoor van rentmeesterskap sal die mens verantwoording moet doen. Veral Lukas 12:42-44 bring die dimensie baie duidelik na vore. Soos reeds hierbo verwys is die perikoop in 1 Petrus 4 ook gelaai met eskatologiese verwysing.

## 3.3 Teologiese ontwikkeling van die konsep

Binne die eerste paar eeue van die Christendom se geskiedenis, het daar 'n hele aantal veranderings in die Christendom plaasgevind. Die veranderings in selfverstaan van die Christendom het 'n effek gehad ook op die beskouing van die konsep van rentmeesterskap. Veral die wegbeweeg van die Joodse denkraamwerk deur die Christendom na die hellenistiese wêreld het 'n groot effek gehad op hoe daar na rentmeesterskap gekyk is. Waar die Joodse denke 'n hoë waardering gehad het vir die aarde, die skepping, die liggaam ensovoorts, het die hellenistiese denke se skeiding van liggaam en gees, 'n hoë waardering van die geestelike teenoor die aardse gehad. "What happened in the move of the Christian faith into the Hellenistic world was that Christianity, which at first was an essentially Jewish offspring, underwent a process of spiritualization that robbed it of its potensial for world orientation that it had inherited from its parental faith" (Hall 1991:57). Die effek wat dit op die konsep van rentmeesterskap gehad het, was dat die konsep vergeestelik is. Rentmeesterskap is nie meer die denkwyse oor die geheel van die menslike bestaan nie, maar eerder net op die geestelike deel van die lewe toegepas is. Naas die negatiewe effek wat die verhellenisering van die Christelike denke op die konsep van rentmeesterskap gehad het, het Konstantyn die Christelike geloof deel van die staat en gemeenskap gemaak. Tot voor die aanvaarding van die Christendom deur Rome in 313 nC was die christelike geloof 'n vrywillige beweging wat selfs teen die denke van die bestaande kultuur ingegaan het. Die oomblik toe die Christendom deur die staat gesteun is, het die verantwoordelikheid van individuele lede van die Liggaam van Christus "onnodig en oorbodig" geraak. Die evangelie hoef nie verkondig te word nie, want dit was wet om aan die christelike geloof te behoort. Die vroeë gerigtheid van die

Christendom tot die slagoffers van onregverdige bestuur/rentmeesterskap het verander tot 'n identifisering van die Christendom met die politieke en ekonomiese heerskappy in die samelewing.

Dit is ook as gevolg van bogenoemde twee faktore dat die konsep van rentmeesterskap byna geen rol gespeel het in die hoofstroom van Europese Christendom nie (Hall 1991:65): "(T)he symbol of stewardship must be traced in those groups and movements that broke away from the Christian establishment, and who therefore needed tot reorganize their corporate life and mission in a diffirent way." Een van die min figure wat wel die konsep gebruik het was John Wyclif. Sy ekstreme denke oor rentmeesterskap was een van die redes waarom hy kerklike teenkanting ervaar het (Walker 1985:377-381).

In die koloniale tydperk in Noord-Amerika het rentmeesterskap ook byna geen rol gespeel nie. Ironies genoeg het die opkoms van sekularisme meegehelp om renteesterskap weer op die tafel van die kerk te plaas. Aangesien sekularisme dit aanvaarbaar gemaak het om nie aan 'n kerk te behoort nie en tog gerespekteer te wees in die gemeenskap, is daar opnuut klem gelê in die kerk op die individu se geloof en se verantwoordelikheid om die werk van die kerk te ondersteun. In 'n wêreld waar mense kan kies om aan 'n kerk te behoort of nie, moet die kerk werk om die geloof uit te brei. Christelike getuienis het weer die verantwoordelikheid van elke Christen geword. Die kerk moet die sending organiseer en mense oplei en die hulpbronne (menslike en materiële) na die beste aanwend. Rentmeesterskap het die oorkoepelende term geword om al die sake byeengetrek word.

> It was perhaps inevitable that the power of the symbol was evoked at first by the very radical needs of Christian denominations – largely in North America – as they found themselves increasingly confronted by the need to develop a biblical rationale for their appeals for financial and other material support. Until the present time, the stewardship concept in the churches has been confined chiefly to this functional office.
>
> (Hall 1991:71, 72)

### 3.4 Huidige gebruik van die term

Daar bestaan vandag die openheid om rentmeesterskap te sien in die volle omvang van die bedoeling van die bybelse beeld. Die volgende aspekte is enkele velde wat deur so 'n breër beskouing geraak word:

### 3.4.1 Rentmeesterskap van individuele hulpbronne

Die christelike rentmeester is nie bloot die mens in die algemeen nie. Dit is elke individu. Elke individu se verantwoordelikheid rondom rentmeesterskap verskil as gevolg van die situasie, gawes en hulpbronne.

#### 3.4.1.1 Rentmeesterskap van tyd

In die gelykenisse van Jesus oor rentmeesterskap gaan die eienaar vir 'n tyd weg en in daardie tyd moet die sake bestuur word. Ook in Ef 5:15-17 word gelowiges opgeroep om hulle tyd, anders as die heidene, wys en volgens die wil van God te spandeer (Cunning-am 1987:59). Die vraag wat dus voor die rentmeester lê is: Hoe gaan ek my beskikbare tyd gebruik?

#### 3.4.1.2 Rentmeesterskap van gawes

Elke mens het van God as die Gewer van alle gawes sekere vermoëns en moontlikhede ontvang. Die liggaam wat elkeen ontvang het is 'n gawe van God wat tot eer van God gebruik moet word. Die verstand is 'n gawe van God waarvan ons verantwoording sal moet doen. Ook die geestelike gawes van gelowiges is deur God gegee tot opbou van hele Liggaam van Christus (vgl 1 Kor 12:7; Rom 12:6 en 1 Pet 4:10). Hoe die gelowige daardie gawes ontwikkel en aanwend in die lewe van die gemeente en in diens in die wêreld is 'n rentmeestervraag.

#### 3.4.1.3 Rentmeesterskap van materiële besittings

Tydens 'n lesing oor Rentmeesterkap in 1999, georganiseer deur VISTA Universiteit, het Richard Stoll Armstrong gesê dat die gelowige se rentmeesterskap van materiële besit-tings te make het met:

- Hoe kry die gelowige die besittings wat hy/sy het?
- Watter deel van wat hy/sy van God gekry het, word teruggegee aan God? In die vraag gaan dit nie bloot oor watter persentasie nie, maar ook oor die beginsel dat die gelowige die eerste deel van sy/haar inkomste aan God teruggee uit dankbaarheid en as erkenning van God as die Gewer en nie iets van wat oorgebly het as al die alledaagse verantwoordelikhede nagekom is nie.
- Wat doen die gelowige met die res van die godgegewe materiële besittings wat hy/sy terughou?
- Wat word van die gelowige se besittings (wat nog al die tyd God s'n was) nadat hy/sy te sterwe gekom het?

Dieselfde uiteensetting word deur Cunningham gegee (1987:74-83). Al die sake is aspekte waarmee die gelowige gekonfronteer word deur die beginsel van rentmeesterskap.

### 3.4.2 Rentmeesterskap binne die skepping as geheel

Rentmeesterskap is egter nie bloot 'n individuele aangeleentheid nie. "The steward in the biblical tradition is not first of all an individual but a community" (Hall 1991:132). Daarmee saam moet rentmeesterskap ook nie net as 'n kerklike aangeleentheid gesien word nie. "Stewardship is no longer to be conceived in purely spiritual or ecclesiastical terms. It is a worldly category; it describes the vocation that God intended and intends for the human creature in the midst of God's good creation" (Hall 1991:122). Aangesien die tema van die studie meer op die verbande met Gemeentebou wil konsentreer, kan hier slegs kortliks verwys word na enkele aspekte van rentmeesterskap wat globaal verstaan word.

#### 3.4.2.1 Die skepping

In Genesis word die mens deur God aangestel as bestuurder van die skepping (Armstrong 1999). Wilkinson (1980:224) gebruik Genesis 2:15 as die begronding daarvan dat God die mens aangestel het om om te sien na die skepping. In die huidige ekologiese krisis is dit duidelik dat daardie aspek van die rentmeesterskap nie na behore deur die mens uitgevoer is nie.

> (N)ow we must move out beyond the human community, which has been our particular preoccupation up to this point, and insist that stewardship today means that our corporate responsibility both as christians and as human beings generally includes the stewardship of many creatures and created things, the greater share of which by far are not human.
>
> (Hall 1991:138)

Smith lê veral klem daarop dat, in die Ou Testamentiese siening van rentmeesterskap, daar altyd 'n verband is tussen visie van die koninkryk van God en van die mens in harmonie met die natuur (1971:13).

#### 3.4.2.2 Die lewe

Ook lewe is 'n gawe van God en daarom sal die mens verantwoording moet doen oor wat met lewe as sodanig gedoen word. Die kerk behoort dus betrokke te wees by die beskerming en instandhouding van lewe as sodanig. Om die rede stel Armstrong (1999) dit dat selfs aborsie en genadedood indirek rentmeesterskapaangeleenthede is.

#### 3.4.2.3 Die Evangelie

Soos reeds in 3.2.2 verwys is, word rentmeesterskap in Efesiërs 3:1, 2 van toepassing gemaak op die genade van God wat aan die gemeente gegee is en wat deur die gelowiges aan die hele wêreld verkondig moet word. Dieselfde aangeleentheid kom ook na vore in 11 Korintiërs 5:19-20a waar Paulus dit stel dat die boodskap van versoening wat vir die hele wêreld bedoel is, aan die kerk toevertrou is (Hall 1991:101). Die kerk het van God die Evangelie van genade ontvang en moet tot eer van God daardie Evangelie met die mensdom deel. Hoe die kerk met die Evangelie van Jesus Christus omgaan, is 'n rentmeesterskapvraagstuk. Ongelukkig is selfs die aspek van rentmeesterskap vereng tot 'n oproep om genoeg geld te gee vir die missionêre (Hall 1991:103), in plaas daarvan om dit breër te verstaan sodat die gelowiges hulle opdrag as draers van die Evangelie van Jesus Christus kan besef.

## 4. RENTMEESTERSKAP AS DIENENDE BEGINSEL VIR DIE PROSES VAN GEMEENTEBOU.

Uit al die bogenoemde is dit duidelik dat die korrekte verstaan van die bybelse beeld van die rentmeester 'n positiewe bydrae kan lewer in die proses van gemeentebou. Gemeentebou is inherent 'n saak van identiteit; die identiteit van die gelowige en die identiteit van die gemeente/kerk. As dit vir die gemeente en individuele gelowiges duidelik word dat hulle as deel van hulle identiteit voor God rentmeesters is, kan so 'n realisering reeds 'n sterk impetus wees vir enige gemeentebouproses. Rentmeesterskap is nie bloot iets wat ons doen nie, dis iets wat ons is. Dis 'n identiteitsaangeleentheid.

As die gemeente hulle self sien as rentmeesters, word dit onmiddelik duidelik dat hulle nie die eindpunt van bediening van die kerk is nie. Die gemeente sal dan verstaan dat dit nie in die eerste plek en in die laaste plek oor hulle gaan nie. Rentmeesterskap maak dit vir die gemeente duidelik dat God die Een is wat soewereiniteit het. Hy is die Een wat tot stand geroep het. Hy is die Een wat "besit" en wat gawes en middele tot beskikking en tot bestuur van mense geplaas het. Hy is die Een wat mense roep tot rentmeesters van dit wat Hy vir hulle gegee het. Die beginsel van rentmeesterskap kweek dus by 'n gemeente die bewussyn dat dit vir die kerk en vir die gelowiges oor God gaan en oor die roeping wat God op mense geplaas het. En daardie roeping vra 'n onselfsugtige wegkyk van myself af en gee 'n gerigtheid op die God wat die gewer van alles is, maar gee ook 'n gerigtheid op die mense en die wêreld wat die eindpunt behoort te wees van dit waaroor ons as rentmeesters aangestel is.

Rentmeesterskap behoort dus die gemeente te bewaar van 'n denke waar die gemeente in die middelpunt staan. Dit behoort mense se oë oop te maak vir hulle dienswerk en hulle gerigtheid in die wêreld. Rentmeesterskap behoort mense na hulle eie gawes (materieël en geestelik) te laat kyk en hulleself dan af te vra: Wat wil God hê moet ek met die gawes wat Hy vir my gegee het doen, sodat sy wil daarmee kan geskied en sy bedoeling daarmee kan realiseer? Rentmeesterskap behoort dus energie, tyd, werkkrag en middele in die gemeente te laat losbreek vir die bevordering van die koninkryk van God. Dit is juis so 'n proses wat Gemeentebou wil evalueer en strategies fassiliteer.

## 5. GEMEENTEBOU AS DIENENDE PROSES VIR DIE BEGINSEL VAN RENTMEESTERSKAP

Gemeentebou is die bediening waarin die gemeente gelei word om sy identiteit – ook sy identiteit as rentmeester – te verstaan. Dit is ook die proses waar die gemeente sy funksionering – ook sy funksionering as rentmeester – evalueer en beplanning gedoen word om, waar nodig, aanpassings te maak. Dit is die proses waarop die gemeente gelei word om die gemeente as empiriese subjek al nader te bring aan die gedefinieerde subjek.

As 'n gemeente 'n breë verstaan van rentmeesterskap in die gemeente wil vestig, sal die proses van gemeentebou die logiese proses wees om dit te bereik. Die proses van gemeentebou bied die nodige evaluasie van die huidige stand van 'n gemeente, asook die middele om korrektief op die empiriese gegewene in te werk.

## 6. PRAKTIESE IMPLIKASIES VAN DIE VERBAND TUSSEN GEMEENTEBOU EN RENTMEESTERSKAP

### 6.1 Implikasies vir die missionêre bediening in die gemeente.

God het die boodskap van die versoening, die Evangelie, aan die kerk toevertrou. Die kerk, die gemeente en elke individuele gelowige is dus rentmeesters van die Evangelie van Jesus Christus wat aan die mensdom verkondig moet word. Die identiteit van die kerk van Christus maak die kerk gerig op die mense buite die kerk. Dit is niks anders as die erkenning van die kerk as rentmeester van die Evangelie nie.

Die implikasies hiervan is dat geen proses van gemeentebou bloot as doelwit kan hê die beter funksionering binne die gemeente self nie. Enige proses van Gemeentebou kan nie anders as om ook erns te maak met die prinsipiële missionêre gerigtheid van die kerk van Christus nie. Enige proses wat bloot gemeentelike strukture en kommunikasie verbeter is nie 'n volledige gemeentebouproses nie. Die gemeente wat erns wil maak met wat die goddelike bedoeling en identiteit van die kerk is, kan nie anders as om erns te maak met die kerk se rentmeesterskap van die Evangelie nie. Daarom sal die gemeente se missionêre bediening ook geevalueer moet word en sal daar ook vir die toekomstige missionêre gerigtheid doelwitte geformuleer moet word.

### 6.2 Implikasies vir finansiële bestuur in die gemeente

Die uitgangspunt dat elke individu sekere materiële besittings van God ontvang om namens God te bestuur, het die gevolg dat daar ook vir die kerk 'n deel van wat van God ontvang is, gegee sal word (vgl 3.4.1.3.). In 'n gemeentebouproses is dit ook nodig om met groot sensitiwiteit tog vir lidmate te wys op hulle verantwoordelikheid om getroue rentmeesters te wees van God se geld wat Hy tot hulle beskikking gestel het. 'n Deel van dit wat God tot mense se beskikking stel, is veronderstel om vir die saak van die koninkryk van God terug gegee te word. Geen gemeente se bediening sal kan oorleef as daar nie lidmate is wat hul finansiële verantwoordelikheid teenoor die kerk van Christus nakom nie.

Die geld wat dus aan die kerk gegee word, is in beginsel God se geld wat Hy aan mense gegee het en wat hulle uit dankbaarheid aan God terug gee. Wat die gemeente met daardie fondse maak is daarom hulle nakoming van hulle rentmeesterskap voor God. Die besluite van 'n kerkraad of finansiële kommissie oor die aanwending van hulpbronne tot die beskikking van die gemeente behoort gerig te word deur die rentmeesterskapbeginsel dat God die eienaar van alles is en dat ons sy eiendom namens Hom, tot sy eer, volgens sy wil moet aanwend. Dit konfronteer elke gemeente met die tergende vraag of God se geld werklik spandeer word soos wat God dit wil. As dit nie sou gebeur nie, is die gevaar daar dat die gemeente nie meer getroue rentmeesters is van dit wat aan hulle Here behoort nie. Lidmate moet ook gelei word om te besef dat hulle nie vir God gee om sodoende God onder die verpligting te plaas om vir hulle iets in ruil te doen nie (vgl Joubert, 1999 oor die beginsel van homo reciprocus). Callahan (1992a; 1992b) het juis twee boeke geskryf om lidmate te help om hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die finansies in die gemeente te verstaan en ook om kerkrade en finansiële kommissies te help in die begroot vir en die insameling en bestuur van die fondse van die gemeente. Dieselfde tipe riglyne en beginsels word ook oorgedra op die internet webblaaie www.rtcol.com/~kreft/steward/steward.html, www.umc.org/benevol/steward.html

### 6.3 Implikasies vir die programme wat deur die gemeente geloots word

Tyd, energie en middele is, soos reeds gesien, gawes wat God aan en in die gemeente gee. In meeste gemeentes is dit egter ook beperkte kommoditeite. Hoe die "middele" aangewend word, moet dus deur die rentmeesterskapbeginsel bepaal word. Die gemeente

behoort nie tyd en middele te spandeer aan programme wat dalk buite die primêre fokus van die bedoeling van God met die gemeente het nie. Dit is byvoorbeeld moontlik dat middele in 'n gemeente gebruik kan word vir 'n kultuuraksie of verfraaiing van die kerkgebou terwyl daar in die onmiddelike omgewing van die gemeente groot nood en evangelisasie moontlikhede is. Daarmee word nie gesê dat kultuursake of verfraaiing nie positief beoordeel moet word nie. Die vraag is egter wat God graag met sy middele wat Hy tot beskikking van die gemeente gestel het, gedoen wil hê. Dit uiteraard nie 'n eenvoudige vraag om te antwoord nie, maar dit is die worsteling wat saam met die verantwoordelikheid as rentmeester gaan.

## 7. SAMEVATTENDE OPMERKINGS

Uit al die bogenoemde is dit duidelik dat die bybelse beginsel van rentmeesterskap 'n integrerende rol behoort te speel in 'n gemeente se selfverstaan en in die proses van gemeentebou. Die beginsel van rentmeesterskap wat relatief min en verengde aandag kry/gekry het in die Reformatoriese kerke in Suid-Afrika, behoort opnuut waardeer te word. Soos wat sekularisering ook in die Suid-Afrikaanse samelewing sy verloop neem, sal die kerk genoodsaak wees om met nuwe oë na die beginsel van rentmeesterskap en die implikasies daarvan vir die gemeente te kyk. Die gevaar bestaan egter dat, soos in die verlede, rentmeesterskap te eng verstaan word as bloot 'n manier om die finansies van 'n gemeente te verbeter.

Die uitleef van die beginsel van rentmeesterskap sal nie in die eerste plek na vore kom in dit wat die gemeente doen nie, maar in hoe die gemeente oor haarself dink. Dis 'n identiteitaangeleentheid. Die gemeente se identiteit as rentmeester sal ook in die gemeentebouproses van bepalende belang te wees. Die beginsel van rentmeesterskap sal rigting verleen aan die proses van gemeentebou en tegelyk sal die gemeentebouproses die impetus verskaf om die gemeente by die punt te bring van hulle identiteit as rentmeesters en die uitleef van hulle rentmeesterskap voor God en in die wêreld.

## Literatuurverwysings

Armstrong, R S 1999. Ongepubliseerde uitdeelstuk tydens lesing oor Rentmeesterskap.

Beukes, M J du P 1995. Evaluering van verskillende gemeenteboumodelle. *HTS* 51(3), 806-824.

Bischoff, J H 1991. Gemeentebou: 'n Prakties-Teologiese basisteorie. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Burger, C 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees: Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus.* Stellenbosch: Burton.

Callahan, K L 1987. *Twelve keys to an effective church: The leaders guide.* San Francisco: Harper.

Callahan, K L 1992a. *Giving and stewardship in an effective church: A guide for every member.* San Francisco: Harper.

Callahan, K L 1992b. *Effective church finances: Fundraising and budgeting for church leaders.* San Francisco: Harper.

Cunningham, R B 1987. *Creative stewardship.* Nashville: Abingdon Press.

De Vaux, R 1961. *Ancient Israel: Its life and institutions.* London: Darton, Longman & Todd.

Dingemans, G D J 1996. *Manieren van doen: Inleiding tot de Praktische Theologie.* Kampen: Kok.

Dreyer, J G M 1987. Evaluasie van verskillende gemeenteboumodelle. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 2, 54-71.

Firet, J 1982. *Dynamics in Pastoring*. Grand Rapids: Eerdmans.

Hall, D J 1991. *The Steward: A biblical symbol come of age.* Grand Rapids: Michigan.

Heitink, G 1993. *Praktische Theologie: Geschiedenis – theorie – handelingsvelden.* Kampen: Kok.

Heitink, G 1999a. Developments in Practical Theology in The Netherlands. *International Journal of Practical Theology*, 127-144.

Heitink, G 1999b. Geloven in de stad van die mens. *Skrif en Kerk* 20, 66-80.

Hendriks, J 1992. *Een vitale en aantreklijke gemeente: Model en methode van gemeentebouw*. Kampen: Kok.

Hendriks, J H 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente: Die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing.* Wellington: Hugenote Uitgewers.

Internet: www.rtcol.com/~kreft/NCNews/0102.html

Internet: www. rtcol.com/~kreft/steward/steward.html

Internet: www.umc.org/benevol/steward.html

Joubert, S 1999. "Homo resiprocus": Seneca, Paulus en weldoenerskap. *HTS* 55(4), 1022-1038.

Nel, M 1994. *Gemeentebou.* Halfway House: Orion.

Pieterse, H J 1993. *Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN.

Smith, R 1971. Old Testament concepts of stewardship. *Southwestern Journal of Theology* 21(2), 10-24.

Te Velde, M 1989. *Gereformeerde Gemeenteopbouw: Een eerste koersbepaling voor een nieuw theologisch vak.* Barneveld: De Vurbach.

Tooley, W 1966. Stewards of God: An examination of the terms *oikonomon* and *oikonomia* in the New Testament. *Scottish Journal of Theology* 19, 74-86.

Van der Merwe, J C 1999. 'n Prakties-teologiese begronding vir Gemeentebou as kommunikatiewe handeling in diens van die Evangelie. *HTS 55*(2 & 3), 380-399.

Walker, W 1985. *A history of the Christian Church.* Edinburgh: T&T Clark.

Watts, J D W 1985. *Word Biblical Commentary, Vol 24.* Waco, Texas: Word Books.

Wilkinson, L 1980. *Earthkeeping: Christian stewardship of natural resources.* Grand Rapids: Eerdmans.